# Hoërskool Zwartkop

●H/v Mopaniweg en Ou Johannesburgweg ●Privaatsak x 109 ● Centurion ● 0046
● Tel: 012 654 4747 ● wenners@zwarries.co.za ● www.zwarries.co.za

GLO EN DIEN

**Geagte Ouer**

**SKOOLFONDS VIR 2026**

Na aanleiding van die ouervergadering wat op 29 Oktober 2025 gehou is, is die skoolfonds vir 2026 vasgestel en wil ons graag die besluit ten opsigte van die verhoging bevestig. Tydens hierdie vergadering is die voorgestelde begroting met 'n meerderheidstem goedgekeur. **Kragtens artikel 39 en 40(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet is beide biologiese ouers aanspreeklik vir die betaling van skoolfonds.**

1. **SKOOLFONDS VIR 2026 – R43 400 per kind**
   Skoolfonds is jaarliks vooruit betaalbaar, maar mag maandeliks afbetaal word vanaf Januarie tot Oktober. **Sou ouers in enige stadium in versuim wees met die maandelikse betalings, is die totale jaar se skoolgelde onmiddellik opeisbaar en betaalbaar.**

2. **BETALINGSOPSIES:**

| | | |
|---|---|---|
| **A)** Volledige vereffening voor / op **einde Februarie** | **R42 400 per kind** | |
| **B)** Debietorderbetaling in 10 gelyke paaiemente | **R42 400 per kind** | **R4 240 x 10** |
| **C)** Maandelikse betalings per EFT of kaart. Geen kontantbetalings by die skool nie, slegs by die bank. | **R43 400 per kind** | **R4 340 x 10** |

3. **NUWE DEBIETORDERS (VORM AANGEHEG)**
   - Ouers word aangemoedig om tien gelyke betalings per debietorder te doen. Die Skoolfonds beloop dan slegs **R4 240 per maand**.
   - Epos voltooide vorm vir nuwe debietorders voor **12 Januarie 2026.** finansies@hszwarries.co.za

***Bestaande debietorders kan hernu word vir 2026 deur vir my 'n e-pos te stuur as bevestiging.***

4. **ELEKTRONIESE INBETALINGS VIR SKOOLFONDS**
   - Betaalbaar vanaf Januarie tot Oktober in 10 gelyke paaiemente, **R4 340 per maand**. ***Ons moedig ouers aan om reeds einde Desember / begin Januarie die eerste betaling te maak.***
   - Gebruik u kind se **Debiteurekode / Familiekode** wanneer skoolfondsbetalings gedoen word.
     - D6 Applikasie op foon
     - Ouerportaal
     - Leerder oorsig
     - Debiteurekode is in die blou blokkie by die kind se naam.

- Vir navrae oor die rekeningbesonderhede en verwysing kan u Lizl Hartmann kontak by **(012) 654 8041 x 208** / finansies@hszwarries.co.za

**Bankbesonderhede van die skool:**
Hoërskool Zwartkop
ABSA Bank
Rekeningnommer: 289 039 0008 Takkode: 632 005

**VAKBELADINGS 2026**

| | Per Jaar R | Maandeliks X 10 Paaiemente |
|---|---|---|
| Dans Akademie Gr 8 & 9 | R 4 500 | R 450 |
| Dans Akademie Gr 10 - 12 | R 5 000 | R 500 |

**5. AANSOEK VIR VRYSTELLING VAN SKOOLFONDS (dit moet jaarliks gedoen word)**

- Volgens die nuutste wysigings soos gepubliseer in die Staatskoerant no. 2931 gedateer 18 Oktober 2006, mag ouers binne bepaalde voorwaardes kwalifiseer vir gedeeltelike of algehele vrystelling van skoolfonds.
- Aansoeke vir vrystelling kan by die skool afgehaal word en moet **voor einde Februarie 2026 ingedien word.**
- In die bepaling van volle of gedeeltelike vrystelling neem die Beheerliggaam in terme van die regulasie van die staatskoerant **die bruto inkomste van beide ouers in berekening** as ‘n persentasie van die skoolfonds.
- Die **departement vergoed nie die skool vir vrystellings nie**, dit is die skool se verlies en die betalende ouers se las. ‘n **Minimum van R 3 500 per kind** is betaalbaar vir die basiese onderwysgeleenthede.

**6. TOERE EN KAMPE**

Aangesien toere en kampe vrywillig is, sal geen leerling toegelaat word om toer-/ kampfooie te betaal in plaas van skoolfonds nie. Die beginsel van “oudste skuld eerste” sal van toepassing wees as skoolfonds agterstallig is. Enige betalings ontvang sal eerste geallokeer word na skoolfonds en slegs as die skoolfonds op datum betaal is sal die gelde aangewend word volgens die wens van die ouers.

Waar ‘n bevredigende skriftelike skulderkenning vir uitstaande skoolfonds bestaan, of ‘n behoorlik gefundeerde aansoek (wat voldoen aan die vereistes van sodanige aansoek) om vrystelling van skoolfonds bestaan, wat *prima facie* behoort te slaag, kan toelating tot ‘n toer / kamp alleenlik verleen word deur die adjunk- of sporthoof.

**7.** Ten einde die ordelike bedryf van die skool te verseker, is dit afhanklik van die stiptelike betaling van skoolfonds deur die ouers. Soos tydens die Algemene ouervergadering van 29 Oktober 2025 met ouers gedeel, laat die maandelikse kontantvloeibegroting van die skool nie ruimte vir skoolfondsverpligtinge wat agterstallig raak nie. Die beheerliggaam (aan wie die skoolfonds betaalbaar is) mag net soos enige ander verskaffer van goedere en dienste die nodige aksie neem om hierdie gelde te vorder en sal enige dispuut, meningsverskil of eis wat gebasseer is op ‘n likiede eis of dokument, voortspruitend uit, of in verband met hierdie ooreenkoms, besleg word deur die proses van Arbitrasie. Die dispuut, meningsverskil of eis sal ingedien word by die “Online Arbitration Centre”, wie die Arbiter sal aanstel om die dispuut / verskil / eis te besleg volgens die Reëls van die sentrum, welke beskikbaar is op www.onlinearbitration.co.za Enige uitspraak gelewer deur die “Online Abribtration Centre” is finaal en bindend op die partye en sal geen van die partye ‘n reg hê tot enige appél rondom die uitspraak nie. Enige uitspraak deur die arbiter van die “Online Arbitration Centre” is ten volle afdwingbaar deur enige gepaste hof met die nodige jurisdiksie.

Deur die getroue betaling van skoolfonds word verseker dat onderwys van hoogstaande gehalte gelewer kan word. Skoolfonds betaal vir alle bedryfsuitgawes, instandhouding en uitbreidings aan die skool en dra natuurlik by tot die versekering dat ons leerling getalle per klaskamer billik en redelik sal bly.

Die beheerliggaam is dankbaar vir 'n ouergemeenskap vir wie gehalte onderwys 'n prioriteit is.

By voorbaat dankie vir u ondersteuning.

Zwarrie-groete

*Lizl Hartmann*
*Finansies - Debiteure*

**DR. D. STRYDOM**
**SKOOLHOOF**

**MNR. JV VAN DER MERWE**
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**

# HOËRSKOOL ZWARTKOP

# DEBIETORDERMAGTIGING 2026

**StratCol Gebruikersnommer: 10830** **Verwysing op rekeninghouer se bankstaat: HSZWARTKOP**

**Epos: finansies@hszwarries.co.za**

| **LEERDERBESONDERHEDE** | | **Debiteurekode :** | |
|---|---|---|---|
| | **Eerste Leerder** | **Tweede Leerder** | **Derde Leerder** |
| **Naam en Van** | | | |
| **Graad in 2026** | | | |
| **Skoolgeld** | **R4 240 (per maand)** | **R4 240 (per maand)** | **R4 240 (per maand)** |
| **Dans** **(ingesluit by debietorder)** | | | |
| **TOTAAL** | | | |

***Hierdie debietorder is in 2026 ingestel vir die bogenoemde leerder(s) en bedrag. Dit debietorder kan jaarliks hernu word, en die bedrag kan aangepas word soos die skoolfonds en/of aantal leerders verander.***

| **BANKBESONDERHEDE VAN REKENINGHOUER** | |
|---|---|
| VOORLETTERS EN VAN, VAN REKENINGHOUER | |
| BANK | |
| REKENINGNOMMER | |
| TIPE REKENING (Tjek, Transmissie, Spaar) | |

**DATUMS VIR AFTREKKINGS (merk asb duidelik u keuse)**

- ☐ 15 Januarie tot 15 Oktober 2026, op die 15de van elke maand
- ☐ 26 Januarie tot 26 Oktober 2026, op die 26ste van elke maand
- ☐ 2 Februarie tot 2 November 2026, op die 2de van elke maand
- ☐ 15 Februarie tot 15 November 2026, op die 15de van elke maand

**OOREENKOMS**

Ek gemagtig hiermee vir **StratCol** om betalingsinstruksies aan my bank uit te reik vir invordering vanaf my aangeduide bankrekening. Die betalingsinstruksies moet volgens die ooreengekome interval en bedrag uitgereik word tensy daar skriftelik met die debiteure administrateur by die skool anders ooreengekom word.
Elke betaling moet die verwysing **HSZWARTKOP** bevat sodat ek die transaksie op my bankstaat kan identifiseer.
Ek erken dat die eerste betalingsopdrag uitgereik en afgelewer sal word volgens die kollektiewe instruksie.
Indien ’n betalingsdatum op ’n naweek of vakansiedag val, mag die betaling op die volgende werksdag geskied.

Ek bevestig dat ek die gemagtigde persoon is vir die teken en magtiging van hierdie debietorder, met handtekening magtiging soos by my bank geregistreer.

______________________________ ______________________________

**HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER** **ID van Rekeninghouer**

**Sel no:** ________________________ **EPOS:** ________________________

NUWE WENNERS